# GOUTIE GONSBLAD

11/2016 23 Mei 2016


**Onthou om ons te besoek by: www.gouties.co.za of Facebook: Gouties Prestasies.**

**Raak deel van ons Goutie BBM groep by: 274CC56C**

## Uit die kantoor….

Hiermee wil ek elke kind, ouer en belangstellende bedank, wat by die fondsinsamelingsveldtog vir ons nierpasiënt in die laerskool, Larochelle Steenberg, betrokke geraak het. Ek het in my wildste drome nie voorsien, dat die noodroep van 'n kind, soveel positiewe reaksie sou uitlok nie. Die reaksie was oorweldigend. In 'n tyd waar geldnood en armoede orals voorkom, is 'n bedrag van R 17 530.00 nietemin ingesamel, terwyl ons 'n verwagting van maksimum R3 000 gehad het. Persoonlik was dit een van die trotste oomblikke, in my tien jaar diens by Goudveld-Hoërskool. Uiteindelik het hierdie insameling ontwikkel in 'n gemeenskapsprojek, waar anonieme donateurs bydraes van soveel as R5 000 gemaak het. Aan hierdie mense, julle weet wie julle is, baie dankie. Julle goedhartigheid het hoop gebring by 'n familie, wat 'n krisissituasie beleef en waar wanhoop ingetree het. Op bl. 4 van die GoutieGons word 'n funksie adverteer, waar u weer met u teenwoordigheid hulp kan gaan verleen.

Bogenoemde inisiatief het net weer eens bewys waarvoor ons as Gouties staan. Daar waar ons die lewens van mense kan makliker maak, daar doen ons dit onverwyld. Die skool se VRL is tans besig, met 'n groot projek om water te versamel vir die mense van Kroonstad. Dit is alombekend dat die dorp 'n ernstige watergebrek ondervind. Ons hoop om so duisende liter water bymekaar te maak, om ook daar van hulp te wees vir mense wat dit nodig het.

In dieselfde asem, wil ek ook aan elke leerder wat binnekort met eksamen begin, sterkte toewens. Veral aan ons matrieks, wie se skoolloopbaan einde toe staan, gee alles wat jy het. Dit wat jy insit, is wat jy uiteindelik sal uitkry. Die spreekwoord sê mos: "Dit wat jy saai, sal jy maai."

Groete

Dr. Willie Stolk

## GEDAGTE VIR DIE WEEK





Goudveld-Hoërskool
057Tel: 352 7187
Faks: 086 554 0586

# SLAAG PV EKSAMEN

Baie geluk aan die volgende leerders wat die toeretiese deel van die PV-eksamens geslaag het. Die proses is nog nie afgehandel nie.

Nadine Bester
Suné Delport
Esmari Henning
Cara Pawson
Chris van Rensburg
Christine de Jager
Sonja Delport
Filip Myburgh
Emile van der Linde

# Mej. Goutie Jnr.




Van links na regs: Toni Manacas (2de prinses), Ghetané Walker (Mej. Goutie jnr.) en Tanhia Ehlers (1ste prinses)

# Mnr. Goutie Jnr.



Van links na regs: Rhys Claassen (1ste prins), Claude van der Westhuizen (Mnr. Goutie jnr.) en Riaan Vlok (2de prins)

# Te Koop




'n Unieke geleentheid om fondse vir ons skool in te samel !!!

Ons verdien R60 vir die skool van elke boek wat verkoop word !! Die boek kos slegs R240.

Moenie hierdie geleentheid misloop nie!

***Kontak: me. Desmore 072 600 7788***

# SKOPBOKS




HJ en Dewet Bester het gedurende die Jungle War VII Ring Contact Fighting Toernooi in Pretoria, op 14 Mei, uitstekend gevaar.. Hulle uitslae is soos volg: HJ Bester (seuns 75 - 80kg) - Volle kontak geveg. HJ wen met 'n uitklophou binne die eerste minuut van die geveg, waarvoor hy 'n goue medalje verdien. Hy het ook vir "Points Scoring" 'n silwer medalje gekry. Dewet Bester (seuns 60-65kg) - Vir " Points Scoring" wen hy 'n silwer medalje en vir "Continuous Sparring" 'n brons medalje. Links na regs op die foto is Dewet Bester en HJ Bester.

# Mej. Goutie Snr.




Links na regs: Amelia Coertzen (2de prinses), Danél Anderson (Mej. Goutie) en Deidré Erasmus (1ste prinses)

# Mnr. Goutie Snr.




Links na regs: AJ Jacobs (eerste prins), Michael Bornman (Mnr. Goutie) en Leonard Jacobs (tweede prins)

# Belangrike datums

**23 Mei:**
Voortrekkers spandag
ATKV-Taal-en Kunstefees
**24 Mei:**
ATKV-Taal-en Kunstefees
**25 Mei:**
Hokkie - St Dominics (weg)
ATKV-Taal-en Kunstefees
ATKV-Afrikaans Olimpiade
**26 Mei:**
ATKV-Taal-en Kunstefees
**27 Mei:**
ATKV-Taal-en Kunstefees
Tekkie Tax Gemeenskapsprojek - Gewone Klere
Landloopliga
**28 Mei:**
Sport - KHS (weg)
Netbal Vrystaatproewe
**30 Mei:**
Voortrekker Spandag - afsluiting
Gr. 12-eksamen begin
**31 Mei:**
Gr. 10 & 11-eksamen begin
Griffonsproewe o.16 & o.18 Kroonstad
**1 Junie:**
GKA - Musique a la Carte
**3 Junie:**
Landloopliga
Hare-, naels- en klere-inspeksie
GKA Eksamen begin
GKA sluit
**4 Junie:**
Griffons oefendag Welkom
Gr. 8-Voortrekkerkamp
**5 Junie:**
Gr. 8-Voortrekkerkamp

# ATKV-Redenaars

Drie van Goudveld-Hoërskool se leerders, het tydens die ATKV-Redenaarskompetisie, na die semi-finaal in Bethlehem deurgedring.

Die kompetisie het op 20 Mei plaasgevind. Coline van Wyk behaal die 3de plek in die junior-afdeling in die Vrystaat.

Links na regs op die foto is Coline van Wyk, Anja Engelbrecht, Anoeshce Curnow en me. Hanneli Becker.




# Uitstekend!

# RUITERKUNS




Clarisse Fourie en Captain Cuddles het die afgelope naweek pragtige prestasies behaal in die 3de Sanesa Kwalifiserende Kampioenskap wat by die GEC in Welkom plaasgevind het.

Haar uitslae is soos volg:
1ste - "Performance Riding" Vlak 5
1ste - Dresseer Novice 4
2de - Dresseer Novice 3



# FONDSINSAMELING VIR LAROCHELLE




Moet asseblief nie hierdie wonderlike geleentheid verbeur om weereens vir Larochelle te ondersteun nie. Daar sal 'n kaas en wyn aangebied word, asook 'n geleentheid om bg. film by NuMetro te gaan kyk vir net R110 per persoon.



Chané Visagie en Tabasco TNT het die afgelope naweek pragtige prestasies behaal in die 3de Sanesa Kwalifiserende Kampioenskap wat by die GEC in Welkom plaasgevind het. Sy het met die "Ideal Time" springklas 'n 3de plek behaal.



Rozelle Greyling en Tango Bravo het die afgelope naweek uitstekende prestasies behaal in die 3de Kwalifiserende Sanesa Kampioenskap wat by die GEC in Welkom plaasgevind het.

Haar uitslae is soos volg:
1ste - Dresseer Novice 3
2de - Dresseer Novice 4
2de - "Working Hunter" 90cm
2de - "Equitation" Intermediêr 1m




# Pragtig, meisies!!